# HOëRSKOOL ELDORAIGNE

# GRAAD 8 KEUSEVAKKE 2026

## DANS

Dans is 'n opwindende en dinamiese vak wat beide liggaam en gees ontwikkel. In die praktiese komponent leer jy kreatiewe choreografie wat verskeie bewegings en tegnieke insluit wat jou soepelheid en vaardigheid verbeter. Die teoretiese komponent sluit anatomie, verhoog- en dansterminologie en hoe om beserings te voorkom in. Jy leer ook oor eetsteurnisse en die belangrikheid van 'n gesonde leefstyl. Deur dans ontwikkel jy nie net jou vermoëns nie, maar ook selfvertroue, dissipline en kreatiwiteit!

### VIR WATTER TIPE LEERDER WORD DIE VAK AANBEVEEL?

Leerders met formele opleiding in Jazz, Contemporary en Ballet word aanbeveel aangesien die liggaam redelik blootgestel word aan moeilike en tegniese bewegings, wat uithouvermoë en soepelheid verg.

Gesindheid vir dissipline, toewyding en harde werk.

### TOEKOMS/ LOOPBAANMOONTLIKHEDE VAN DIE VAK?

Dans as vak ontwikkel lewensvaardighede soos onderrig, kommunikasie, kreatiwiteit, optrede en evaluering, en bied loopbane as choreograaf, professionele danser, afrigter, terapeut, kuns administrateur of joernalis.

### KOSTES

Aanskaf van oefendrag.
Grimering en haarbenodigdhede vir take.

## KUNS EN ONTWERP

Kuns en Ontwerp keusevak kombineer onderrig gefokus op die FET-vakke Visuele Kuns en Ontwerp. Leerders leer van kunstenaars en ontwerpers asook die ontleding van verskeie kunswerke en ontwerpe. Ons voltooi drie praktiese PAT-opdragte per jaar, wat 'n verskeidenheid kunsvaardighede en ontwerp handvaardighede bevorder.

### VIR WATTER TIPE LEERDER WORD DIE VAK AANBEVEEL?

Die keusevak is vir leerders wat belangstel in die kunste. Leerders wat graag hulle kunstalent wil ontwikkel of ontwerp handvaardighede wil aanleer.

### TOEKOMS/ LOOPBAANMOONTLIKHEDE VAN DIE VAK?

Aangesien die keusevak jou voorberei om in graad 10 Visuele Kuns of Ontwerp te kies, berei dit jou voor vir enige toekomskeuse in die kunste, onder andere: tatoeëerkunstenaar, stelontwerp, spesiale-effek grimering, modeontwerp, fotografie, boek illustrasie, animasie, grafiese ontwerp, binnenshuisontwerp, advertensiewese, pottebakker, juweliersware ontwerper, skone kunste ens.

### KOSTES

'n Vakfooi van R200 (onderhewig aan verandering in 2026). Dit word gebruik om meeste van die materiale aan te koop waarmee ons PAT-opdragte voltooi.

## REKENAARTEGNOLOGIE

Dit is n vak waar leerders basiese rekenaarvaardighede leer. Ons gebruik MS Office 365 met die volgende pakkette:

- MS Word – werk met en formatering van dokumente.
- MS Excel – werk met sigblaaie en die gebruik van basiese funksies en formules.
- MS PowerPoint – werk met aanbiedings.
- Basiese webbladontwerp (HTML)

### VIR WATTER TIPE LEERDER WORD DIE VAK AANBEVEEL?

Leerders wat graag n vaardigheid wil aanleer wat hulle vir die res van hul skoolloopbaan kan gebruik. Dit is voordelig as hulle daaraan dink om die vak in graad 10 ook te

### TOEKOMS/ LOOPBAANMOONTLIKHEDE VAN DIE VAK?

Enige beroep en rigting waarin 'n mens gaan, gaan jy basiese rekenaarvaardighede beno- dig, onder andere:

- Administratiewe en Kantoorwerk
- Onderwys en Opleiding
- Verkope en Bemarking
- Inhoudskepping en Basiese Ontwerp
- Afgeleë Werkgeleenthede (Remote / Freelance)

### KOSTES

R200 per leerder, per jaar (soos in 2024)

## DRAMA

Dramatiese kunste onderrig in die teoretiese geskiedenis van drama, asook die praktiese vaardighede om voor 'n gehoor op te tree. Dit bou leerders se selfvertroue en bemagtig hul met goeie kommunikasievaardighede.

### VIR WATTER TIPE LEERDER WORD DIE VAK AANBEVEEL?

Ekstrovertiese leerder wat daarvan hou om voor mense op te tree. Dit word sterk aanbeveel vir leerders wat redenaars/orators as buitemuurs doen, asook leerders wat solosang, dans en drama doen. Dit is wel nie 'n vereiste nie.

### TOEKOMS/ LOOPBAANMOONTLIKHEDE VAN DIE VAK?

Alle loopbaanmoontlikhede vereis van 'n persoon om met gemak voor mense te kan praat en te beskik oor goeie kommunikasievaardighede. Buiten loopbane in die uitvoerende kunste, bemagtig Dramatiese Kunste jou om jouself in enige loopbaan te "verkoop" as die beste kandidaat vir 'n posisie, projek of leierskapsrol.

### KOSTES

Geen. Leeders moet wel 'n netjiese en gemaklike swart hemp en broek hê vir praktiese optredes.

## ELEKTRONIKA

Elektronika in graad 8 en 9 dien as voorbereiding vir Elektronika Gr.10 tot 12, waar leerders die beginsels van elektrisiteit, komponente en praktiese vaardighede aanleer.

### VIR WATTER TIPE LEERDER WORD DIE VAK AANBEVEEL?

Leerders wat reeds 'n loopbaankeuse in die tegniese rigting gemaak het en wat daarvan hou om met hul hande vaardig te wees.

### TOEKOMS/ LOOPBAANMOONTLIKHEDE VAN DIE VAK?

- Elektrisiën
- Elektrotegnici
- Hernubare energie tegnici
- Radiotegnici
- Elektromeganikus
- Elektriese Ingenieur
- Digitale / Sagteware ingenieur
- Robotika / Outomatiseringstegnici
- PLC Programmeringskenner
- Onderwyser

### KOSTES

R200 per leerder, per jaar

## ROBOTIKA EN KODERING

Robotika en Kodering behels 'n praktiese en teoretiese komponent. Die tegnologiese wêreld verander daagliks en teen 'n spoed. Ons jeug moet opgelei word om die moderne era aan te gryp en 'n verskil te maak in hulle gebied, waar hulle hulself gaan bevind in die toekoms. Robotika en Kodering is juis dié vak wat u kind voorberei vir so 'n moderne samelewing en geleenthede daar buite.

Robotika en Kodering fokuspunte :

- Bou van Toestelle
- Kodering
- Probleemoplossing
- Innoverende denke
- Groepwerk
- Gebruik en hanteer tegnologiese apparate.

### VIR WATTER TIPE LEERDER WORD DIE VAK AANBEVEEL?

Leerders wat fokus en belangstel in die uitbreiding en innovering van tegnolgie en die robotika-wêreld.

### TOEKOMS/ LOOPBAANMOONTLIKHEDE VAN DIE VAK?

- Robotiese Ingenieur
- Elektromeganikus en robotiese tegnikus
- Elektromeganikus
- Meganiese Ingenieur
- Sagteware Ingenieur
- Elektriese Instandshoudingsingenieur
- Robotiese Masjienoperateur
- Robot programmeerder
- Ontwerp Ingenieur

### KOSTES

- R 1500 per leerder, per jaar

## LANDBOUSTUDIES

Die vak leer die leerder, landboupraktyke en fokus spesifiek op algemene boerdery, gereedskap en toerusting, veiligheid en kommunikasie, plantproduksie, grond en bewaring, diereproduksie, besigheidspraktyke en waardetoevoeging. Dit is 'n vak wat deure oopmaak

### VIR WATTER TIPE LEERDER WORD DIE VAK AANBEVEEL?

Leerders wat belangstel in algemene boerdery, plantproduksie, tuinbou, grond en bewaring, diereproduksie en besigheid praktyke

### TOEKOMS/ LOOPBAAN-MOONTLIKHEDE VAN DIE VAK?

- Boerdery Entrepeneur op kleinskaal
- Basiese Akkerboukunde
- Tuinboukunde
- Diereversorging
- Basiese bemarking
- Basies beginsels in besigheidbestuur
- Voedselverwerking
- Basiese beroepsveiligheid

### KOSTES

Geen.

## GASVRYHEIDSTUDIES

Gasvryheidstudies is 'n praktiese, sowel as teoretiese vak wat fokus op voedselvoorbereiding en gasvryheidsvaardighede. Leerders leer kooktegnieke, tafeldek, kliëntediens en basiese entrepreneurskap. Die vak ontwikkel vaardighede vir beide huishoudelike gebruik en professionele werk in die gasvryheidsbedryf.

Dit rus ook die leerders toe met belangrike lewenslange vaardighede, bv. goeie kommunikasie, spanwerk en tydsbestuur en aanpasbaarheid. Moontlike loopbaangeleenthede word vir die leerders in een van die wêreld se vinnigste-groeiende nywerhede ontsluit.

### VIR WATTER TIPE LEERDER WORD DIE VAK AANBEVEEL?

Die vak is ideaal vir leerders wat:

- Graag kos voorberei en kreatief is in die voorbereiding en aanbieding van voedsel
- Belangstel in mense, kliëntediens en die bestuur van instansies soos hotelle, restaurante en lodges.
- Praktiese vaardighede en tegniese kennis wil aanleer.
- 'n Loopbaan in die gasvryheidsbedryf oorweeg of dalk hul eie besigheid in die toekoms wil begin.
- Graag in die toerisme-, restaurante-, hotel- of spysenieringsbedryf wil werk.

### TOEKOMS/ LOOPBAANMOONTLIKHEDE VAN DIE VAK?

Gasvryheidstudies kan lei tot verskeie loopbaanrigtings, insluitend:

- Sjef / kok / gebakspesialis
- Hotel- of lodgebestuurder
- Spysenier
- Voedsel- en drankbestuurder
- Lugredery / Skeepvaart personeel
- Entrepreneur bv. koffiewinkel / teetuine
- Voorbereiding vir verdere studies in gasvryheidsbestuur, toerisme of kulinêre kunste by universiteite of kolleges.

### KOSTES

R550 per leerder, per jaar.

- Dit sluit sjefshoed en voorskoot in. Name word op die sjefsdrag borduur.

## TEGNIESE TEKENE

Tegniese tekene is die inleiding na die vak IGO wat leerders vanaf graad 10 kan vat. In TT leer ons van lyn werk en teken tegnieke, en hoe om teken vaardighede aan te leer.

### VIR WATTER TIPE LEERDER WORD DIE VAK AANBEVEEL?

Hierdie vak is vir leerders wat tegnies aangelê is, maar ons neem graag leerders in wat hulle vernuf wil toets in die tegniese wêreld.

### TOEKOMS/ LOOPBAANMOONTLIKHEDE VAN DIE VAK?

Moontlike loopbaan opsies:

- Meganiese Ingenieur
- Industriële Ontwerper
- Argitek
- Onderwys
- Omgewingsingenieur
- Biochemiese Ingenieur
- Elektriese Ingenieur
- Grafiese Ontwerper
- Binnehuise Ontwerpe

### KOSTES

Geen